**Sal Ek vir Abraham geheim hou wat Ek gaan doen?**

**Gen 18:16-33**

**15 Oktober 2023**

1. Vantevore: Beide Abraham en Sara het gelag oor die belofte van die Here van ʻn seun in hulle hoë ouderdom. Drie toepassings: (1) Abraham se gasvryheid het aanleiding gegee tot heilsmoment vir hom en Sara, (2) Die Here het spesifiek op Sara gefokus en haar rol in Sy plan, (3) Aspekte van die Here se verlossingsplan is, menslik gesproke, irrasioneel – maar die Here kom ons kleingeloof te hulp.
2. Die Here vra Homself af: "Sal Ek vir Abraham geheim hou wat Ek gaan doen?" (Gen 18:16)
3. Wat is dit wat die Here nie vir Abraham geheim wil hou nie? (Gen 18:20-21)
    a. Die Here sê die sonde van Sodom en Gomorra is groot (v20, vgl Gen 13:13, 19:4-5)
    b. Spesifieke aard van die hulpgeroep is nie duidelik nie (vgl Gen 4:10)
    c. Die Here wil seker maak of die sonde so erg is (v21)
    d. Oordeel van die Here is gebaseer op akkurate, geverifieerde inligting
4. Hoekom wil die Here dit nie vir Abraham geheim hou nie? (Gen 18:17-19)
    a. V17: Die Here vra of Hy Sy oordeel oor Sodom vir Abraham geheim sal hou...
    b. V18: ... terwyl Abraham tot seën vir die nasies moet wees (vgl Gen 12:2-3)
    c. V19: Abraham is gekies om sy kinders en huishouding te leer (vgl Gen 17:1, 11-12)
    d. V19: sodat die Here se beloftes vervul kan word
    e. Abraham het twee verantwoordelikhede: die nasies en sy huishouding, beide is betrokke in Sodom, vir beide moet Abraham ingelig wees oor die Here se oordeel
5. Abraham se reaksie op wat die Here aan hom geopenbaar het (Gen 18:22-32)
    a. Twee engele het na Sodom gegaan (v22, Gen 19:1)
    b. Die Here het voor Abraham bly staan (v22, DAV onderskrif) – die Here verwag optrede van Abraham
    c. Abraham redeneer die Here moet regverdig oordeel – sal die Here die stad oordeel al is daar 50 gelowiges? Die Here sê Hy sal nie (v23-26)
    d. Abraham bring die getal af tot by 10 – steeds sal die Here dan eerder die stad spaar (v27-32): regverdiges weeg baie swaarder as goddeloses
    e. Ander voorbeelde: Ragab (Jos 2), Nineve (Jona 3-4), Noag/Danel/Job (Eseg 14:12-20)
    f. Abraham is tot seën vir die nasies as hy vir hulle intree (tree op as profeet en priester – vgl Amos 3:7)
6. Wat ons leer oor die Here se oordeel
    a. Verbond met Noag: Finale oordeel uitgestel tot aan die einde van die tyd, skep genadetyd vir verlossingsplan
    b. Die Here kan egter ook oordeel voor die finale oordeel
        - Meganismes in Noagverbond om boosheid te rem: doodstraf, taalverwarring by Babel
        - Oordeel voor finale oordeel is nog so ʻn meganisme
    c. Wat ons leer van so ʻn oordeel voor die finale oordeel:
        - Die Here doen dit nie ligtelik nie – stuur engele na Sodom
        - Regverdiges mag intree vir die wat geoordeel word
        - Regverdiges weeg swaarder as goddeloses – die Here sal eerder nie oordeel nie, as om regverdiges ook te oordeel (vgl Mat 13:24-30, 36-43)
    d. Alle goddeloses sal egter wel in finale oordeel geoordeel word
    e. Gelowiges moet hulle huishoudings en die nasies waarsku oor die Here se oordeel